

Satan, ‘n verslane vyand



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Openbaring 12; Génesis 3:15; Jesaja 14:12–15; Daniël 7:23–25; II Thessalonicense 2:8–12; Openbaring 13:13, 14; 19:20.

Geheeteks:

“‘En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.’” (*Openbaring 12:11*).

Openbaring 12 is die begin van die eindtydafdeling van die boek. Die eerste helfte van die boek beskryf die kerk se geestelike stryd in ‘n vyandige wêreld dwarsdeur die Christentydperk, en in die tweede helfte word daar op die gebeurtenisse net voor die Tweede Koms en die begin van God se koninkryk, gefokus. Die doel van Hoofstuk 12 is om aan ons die groter prent van die finale krisis van die wêreld se geskiedenis te skilder. Dit vertel aan ons dat die eindtydgebeure deel van die voortdurende kosmiese stryd tussen Christus en die Satan is.

In Openbaring is die Satan die aartsvyand van God en sy volk. Hy bestaan werklik, en is die oorsprong van alle boosheid en rebelseid in die heelal. Hy weet dat sy laaste kans om sukses teen God te behaal, sal wees om die finale stryd te wen. Daarom fokus hy met al sy krag om vir daardie gebeurtenis voor te berei.

Die visioen van Openbaring 12 was bedoel om God se volk te verseker dat Satan ‘n verslane vyand is. Dieselfde Christus wat Satan gedurende sy aardse bediening, op die kruis en toe na sy opstanding oorwin het, sal hom ook aan die einde van tyd verslaan. Daarom kan die enigste hoop vir God se eindtydvolk net in Christus gevind word.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 23 Februarie.*

Die vrou en die draak

Lees Openbaring 12:1–4. Johannes het twee groot simboliese tekens in ‘n visioen gesien waarvan die eerste ‘n swanger vrou was. Wie is die sy, en wat leer die teksverse ons oor haar?

‘n Vrou in die Bybel word as ‘n simbool vir God se volk gebruik (*II Korinthiërs 11:2*): ‘n rein vrou verteenwoordig die getroue gelowiges, terwyl ‘n prostituut die afvallige gelowiges voorstel. Voor die kruis simboliseer die vrou in Openbaring 12 die Ou Testamentiese Israel deur wie die Messias in die wêreld gekom het (*Openbaring 12:1–5*); in verse 13–17 stel sy die Christelike kerk voor. Volgens hierdie beskrywing is hierdie vrou met die son bekleed, en staan sy stewig op die maan. Die son in die Bybel kan Christus se heerlikheid verteenwoordig (*Matthéüs 17:2, Openbaring 1:16*) en ook sy volk s’n (*Matthéüs 13:43*). Die maan, wat die son weerkaats, dui op die Ou Testamentiese beloftes wat as ‘n skadubeeld die evangelie voorafgaan.

Die volgende simboliese teken wat Johannes in die visioen gesien het, was ‘n vuurrooi draak. Die draak word later as die duiwel en Satan, die ou slang, geïdentifiseer (*Openbaring 12:9*). Die teksvers sê dat sy stert ‘n derde van die sterre van die hemel na die aarde meegesleep het. Die stert is ‘n simbool van misleiding (*Jesaja 9:14, 15; Openbaring 9:10*). Toe hy van sy verhewe posisie in die hemel geval het (*Jesaja 14:12–15*), het Satan dit reggekry om ‘n groot aantal van die hemelse engele te verlei wat toe bose geeste geword het (*II Petrus 2:4, Judas 6*) om as sy bondgenote teen God en sy werk van verlossing dwarsdeur die geskiedenis van die groot stryd te werk.

Lees Openbaring 12:1–5. Die draak word as die “ou slang” geïdentifiseer (*sien Openbaring 12:9*). Watter verband is daar tussen Génesis 3:15 en die visioen van die ou slang wat daarop uit is om die nakomelinge van die vrou uit te wis?

Satan het van die begin af vir die Messias gewag – die kind wat gebore sou word - om Hom dood te maak. Die hele toneel sluit met ‘n paar foto’s soos kiekies in ‘n foto-album, af: Die Messias was uiteindelik gebore, die draak kon nie daarin slaag om Hom dood te maak nie, en die kind was “weggeruk na God en sy troon” (*Openbaring 12:5*).

Volgens Openbaring 12:11, wat stel God se volk in staat om die Satan in hulle daaglikse lewens te oorwin? Hoe behoort Jesus se oorwinning oor die Satan ons in ons geestelike worstelinge met sonde te bemoedig?

Satan se permanente uitwerping uit die hemel

Lees Openbaring 12:7–9 wat van ‘n oorlog in die hemel vertel. Watter tipe oorlog het daartoe gelei dat Satan uit die hemel gewerp was?

Satan was aan die begin van die groot stryd uit die hemel verban toe hy teen God se regering gerebelleer het. Hy wou die troon in die hemel oorneem en hom “gelykstel met die Allerhoogste” (*Jesaja 14:12–15*). Hy het openlik teen God in opstand gekom, maar was verslaan en daarna op die aarde neergewerp. Deur die eerste mensepaartjie te verlei, het hy die heerskappy van hierdie wêreld onregmatig oorgeneem (*Lukas 4:6*). As heerser van die wêreld (*Johannes 12:31*), het hy tot die hemel toegang gehad om die hemelse raadsvergaderings as verteenwoordiger van die aarde by te woon (*Job 1:6–12*). Maar, nadat hy finaal uitgewerp was, was Satan en sy gevalle engele tot die aarde beperk soos in ‘n gevangenis, totdat hulle hul straf sal ontvang (*II Petrus 2:4, Judas 6*).

Intussen het Jesus dit wat verlore was, teruggekoop deur sy dood, en sodoende Satan se ware karakter voor die heelal openbaar. “Die Satan het besef dat hy ontmasker is. Sy werk is voor die sondelose engele en voor die hemelse heelal blootgelê. Hy het hom ‘n moordenaar getoon. Deur die bloed van die Seun van God te vergiet, het hy alle welwillendheid van die hemelse wesens verbeur. Van nou af was sy optrede beperk.” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 761. Ten aanskoue van almal in die heelal was die heerskappy oor die aarde van Satan na Jesus oorgeplaas, en dit was aangekondig dat Hy die wetlike heerser van die aarde is (*Efesiërs 1:20–22, I Petrus 3:22*).

Dit was toe dat Satan en sy bondgenote heeltemal uit die hemel verban was. Jesus het hierdie gebeurtenis voorspel: “‘Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word’” (*Johannes 12:31*).

Met hierdie oordeel oor Satan, het die “‘heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword ...’” (*Openbaring 12:10*). Tot en met daardie dag het hy nog beperkte krag om God se volk op aarde leed aan te doen, omdat hy besef dat “hy min tyd het” (*Openbaring 12:12*). Maar alhoewel sy tyd beslis “kort” is, doen hy alles wat hy kan om pyn, lyding en chaos op die aarde te veroorsaak.

Wat leer Openbaring 12:11 ons oor ons enigste wapen teen die duivel?

Die oorlog op aarde

Lees Openbaring 12:13, 14. Toe Satan uit die hemel uitgewerp was, het hy sy aanval op die kerk voortgesit gedurende die profetiese 1,260 dae. Hoe was God by die kerk betrokke gedurende daardie periode?

“Die uitwerping van Satan as die aanklaer van die broeders in die hemel was deur die groot werk van Christus toe Hy sy lewe opgeoffer het, volbring. Nieteenstaande Satan se aanhoudende verset, was die plan van verlossing deurgevoer . . . Satan, wetende dat die heerskappy wat hy onregmatig bekom het uiteindelik van hom weggeruk sou word, was vasbeslote om geen moeite te ontsien om soveel as moontlik van God se skepsels wat Hy na sy beeld geskape het, uit te roei nie. Hy het die mens gehaat omdat Christus soveel vergewensgesinde liefde en deernis aan hulle bestee het, en het elke moontlike soort misleiding voorberei om hulle verlore te laat gaan; hy het met hernieude energie sy doel nagejaag omdat hy besef het dat sy eie situasie hopeloos was.” — Ellen G. White, *The Spirit of Prophecy*, vol. 3, bl. 194-195. (Vrye vertaling).

Daar is geen twyfel nie, Satan gaan voort met sy aktiwiteite deur sy woede op die groot doelwit van Christus se liefde op aarde, uit te haal — sy kerk. Maar, die kerk ontvang Goddelike beskerming in die woestyn gedurende die profetiese tydperk van 1,260 dae terwyl daar gewag word vir die wederkoms van Christus.

Satan se vervolgingstydperk word twee keer in Openbaring 12 genoem, naamlik 1,260 dae (*Openbaring 12:6*) en “’n tyd en tye en ’n halwe tyd” (*Openbaring 12:14*). Beide verwys na die periode van die aktiwiteite van die klein horinkie wat in Daniël 7:23–25 genoem word. In die Bybel word profetiese dae deur jare gesimboliseer. Die tydvak in die geskiedenis wat hierdie profetiese periode die beste pas, is 538–1798 n.C., toe die Roomse kerk die Westerse wêreld gedomineer het totdat die Franse Rewolusie Rome as onderdrukker tot ’n einde gebring het, ten minste tydelik. Aan die einde van die profetiese periode van die vrou in die wildernis, val Satan weer aan om die kerk van God uit te wis. Die draak gooi ’n watervloed uit sy bek uit om die vrou te vernietig. ’n Vloed in die Bybel word dikwels as ’n simbool vir vervolging gebruik (*Jesaja 59:19*). Op hierdie tydstip word die rivier deur ’n vriendelike aarde opgesluk om die vrou te red deur vir haar ’n veilige hawe te voorsien.

Dink daaraan hoe lank die vervolgingstydperk aangehou het, 1,260 jaar. Wat behoort dit aan ons te sê oor hoe beperk ons is om te verstaan hoekom gebeurtenisse soos byvoorbeeld die wederkoms van Christus so lank blyk te neem, ten minste vanuit ons perspektief?

Oorlog teen die nakomelinge

Lees Openbaring 12:17. Teen wie maak Satan oorlog aan die einde van tyd?

Die woord nakomelinge, of oorblyfsel, beskryf diegene wat getrou aan God bly terwyl die meerderheid afvallig is (*1 Konings 19:18, Openbaring 2:24*). Aan die einde van tyd, wanneer die meerderheid mense in die wêreld Satan se kant gaan kies, sal daar 'n groep mense wees wat getrou sal bly aan Christus, en wat dan teen Satan se volle woede te staan sal kom.

Wat is die twee kenmerke van die oorblyfsel in Openbaring 12:17? Hoe kan 'n mens oortuig wees dat jy aan God se eindtydoorblyfsel behoort?

Die eindtydoorblyfsel hou God se gebooe. Openbaring 13 dui aan dat die eerste vier gebooe die spil waarom die eindtydbotsing draai, sal wees. Die hooftema van die eerste vier gebooe is aanbidding. Die hoofkewessie van die finale stryd sal wees oor wie aanbid moet word. Terwyl die mense in die wêreld sal kies om die beeld van die dier te aanbid, sal die oorblyfsel kies om God die Skepper te aanbid (*Openbaring 14:7*). Die vierde gebod verwys spesifiek na God as ons Skepper, en ons glo dat dit een van die redes is hoekom hierdie gebooe een van die vernaamste twispunte in die finale stryd sal wees.

Die eindtydoorblyfsel se tweede kenmerk is dat hulle “die getuienis van Jesus het” (*Openbaring 19:10*), wat in dieselfde versie as “die gees van die profesie” verduidelik word. In Johannes se tyd het die uitdrukking “die gees van die profesie” die gawe van profesie beteken. Die frase “die getuienis van Jesus” verwys na Jesus wat sy getuienis deur die gawe van profesie gelewer het, net soos Hy dit deur Johannes gedoen het (*Openbaring 1:2*). Openbaring toon dat aan die einde van tyd God se volk die profetiese gawe in hulle midde sal hê, om aan hulle deur daardie moeilike tye leiding te gee, want Satan sal alles moontlik doen om hulle te verlei en uit te wis. Ons as Adventiste het daardie gawe in die bediening en geskrifte van Ellen G. White.

Aan watter voorbeelde van ongelooflike insigte wat deur “die gees van profesie” aan ons gegee is, kan jy dink? Watter verpligtinge plaas hierdie gawe op ons as individue en as 'n kerk?

Satan se eindtydstrategie

Openbaring 12:17 dui 'n verandering in Satan se strategie aan terwyl hy probeer om die mense in die wêreld aan sy kant te kry, en selfs om Christus se getroue volgelinge te verlei. Dwarsdeur die Christenkerk se geskiedenis het hy probeer om God se verlossingswerk teen te werk, hoofsaaklik deur middel van dwang of vervolging. Die geskiedenis het bewys dat hierdie strategie nie heeltemal suksesvol was nie. Maar, in sy voorbereiding vir die finale aanval teen die eindtydoorblyfsel, voeg Satan 'n groot klomp verleiding by sy strategie van dwang by. Hierdie verandering in Satan se strategie stem met die oorgang van die historiese na die eindtydfokus in Openbaring ooreen. Dit is belangrik om op te let dat die woord verlei glad nie in die historiese afdeling van Openbaring (*Openbaring 4-11*) voorkom nie. Maar, dit word gereeld in die eindtydafdeling gebruik (*Openbaring 12-20*) wat Satan se eindtyd-aktiwiteite ter voorbereiding vir die finale botsing beskryf. Die woord verlei word aan die begin (*Openbaring 12:9*) van die beskrywing van Satan se eindtydaktiwiteite gebruik, en sluit ook daarmee af (*Openbaring 20:7-10*).

Lees II Thessalonicense 2:8-12 saam met Openbaring 13:13, 14 en 19:20. Wat is die aard van die eindtydverleiding?

Openbaring 13-20 onthul Satan se groot namaaksel van die ware God en sy verlossingsaktiwiteite, om die wêreld se samewerking te wen. In Openbaring 13 lees ons van 'n drie-enige samewerking tussen die draak en sy twee bondsgenote: die seedier (*Openbaring 13:1-10*) en die dier uit die aarde (*Openbaring 13:11-18*). Hierdie sataniese driemanskap vorm die teenstelling (antitese) van die Drie-eenheid van die Godheid (*Openbaring 1:4-6*). Dwardeur die res van die boek lees ons hoe die lede van hierdie sataniese drietal onseibaar verenig is teen God se aktiwiteite in die wêreld, om die mensdom te verlei om hulle te laat wegdraai van God en met Satan in die finale oorlog te verenig (*Openbaring 16:13, 14; 19:20; 20:10*). Openbaring toon dat die eindtydmisleiding so groot sal wees dat die meeste mense verlei sal word.

Twee keer in Openbaring word 'n oproep vir wysheid en geestelike insig gemaak om die verleidende aard van Satan se eindtydaktiwiteite te onderskei en teen te staan (*Openbaring 13:18, 17:9*). Na watter soort wysheid word hier verwys? Volgens Jakobus 1:5, hoe kan ons daardie wysheid bekom?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, “Satan se Strikke,” bl. 518–530, in *Die Groot Stryd*. Die doel van Openbaring 12 is eerstens om aan God se volk te vertel dat die eindtydgebure deel is van die groot stryd tussen Christus en Satan en sy demoniese magte. Die boek waarsku hulle oor wat hulle huidiglik te wagte moet wees, en waarteen hulle ernstig in die toekoms te staan sal kom — ‘n ervare en woedende vyand. Paulus waarsku ons oor die eindtydaktiwiteite van hom “wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen, en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie” (*II Thessalonicense 2:9, 10*). Openbaring dring ons om die toekoms ernstig op te neem en ons afhanklikheid van God ons prioriteit te maak. Andersins verseker Openbaring ons dat, alhoewel Satan ‘n sterk en ervare vyand is, hy nie sterk genoeg is om Christus te oorwin nie (*sien Openbaring 12:8*). God se volk se hoop kan net op die Een gevestig wees wat reeds in die verlede Satan en sy demoniese magte seëvierend oorwin het. En Hy het belowe om met sy getroue volgelinge te wees: “ ‘Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld’ ” (*Matthéüs 28:20*).

Vrae vir bespreking:

1. Ons as Sewendedag-Adventiste sien onself as diegene wat die kenmerke van die eindtydoorblyfsel vervul. Wat ‘n voorreg! Wat ‘n verantwoordelikheid! (*Sien Lukas 12:48*.) Maar, hoekom moet ons versigtig wees om nie te dink dat hierdie rol ons persoonlike verlossing waarborg nie?
2. “Ons praat heeltemal te veel oor die mag van Satan. Dit is waar dat Satan ‘n magtige wese is; maar ek dank God vir ‘n magtige Verlosser wat die bose een uit die hemel gewerp het. Ons praat van ons teëstander, ons bid oor hom, ons dink oor hom; en hy word groter en groter in ons verbeelding. Hoekom praat ons nie oor Jesus nie? Hoekom dink ons nie oor sy mag en sy liefde nie? Satan is tevrede wanneer ons sy mag uitermate in ons denke vergroot. Fokus op Jesus, mediteer oor hom, en deur aanskoue sal jy na sy beeld verander word.” — Ellen G. White, *Advent Review and Sabbath Herald*, March 19, 1889, (vrye vertaling). Op watter manier maak Christene Satan se mag buitensporig groot? Andersins, watter gevare bestaan daar wanneer ons nie net die werklikheid van Satan se mag ontken nie, maar ook die werklikheid van sy bestaan?